# RESTITUSIE REGISTRASIE

## Hoe om as 'n vervaardiger ingevolge restitusie te registreer?

Enige persoon wat goedere invoer vir die vervaardiging, prosessering, voltooiïng, toerusting of verpakking van enige goedere vir uitvoer, kan 'n terugbetaling eis van die doeaneheffings wat met invoer betaal is, mits die persoon geregistreer is ingevolge bylaag 5.

Die aansoeker moet besonderhede verskaf van:

- Die soort ingevoerde materiaal wat gebruik gaan word in die vervaardiging van ander goedere of artikels;
- die soort goedere of artikels wat vervaardig sal word van sodanige materiaal; en die soort goedere of artikels wat vervaardig sal word van sodanige ingevoerde materiaal; en
- Die metode wat gebruik sal word om sy/haar restitusie-eis te staaf (verwys na notas tot bylaag 5, deel 1).

Die dokumentasie vereis vir die indiening van 'n restitusie-eis en die kwalifiserende kriteria vir die eis van 'n restitusie, word verduidelik in die *refunds and drawbacks external policy*.

**Restitusie items 501.00 tot 521.00**

- Voltooi die vereiste aansoekvorm en toepaslike bylae.
- Dien alle stawende dokumente in soos voorgeskryf in die aansoekvorms.

## Watter vorms word vereis vir die vervaardiger ingevolge restitusie registrasie?

- DA 185 - Application form: Registration/Licensing of Customs and Excise Clients
- DA 185.4A10 - Registration Client Type 4A10 – Manufacturer ITO Drawback items 501.00 to 521.00

## Waar kan die restitusie registrasievorms verkry word?

Aansoekvorms is hierbo beskikbaar.

## Waar moet die vorms ingedien word?

Aansoekvorms moet by die naaste Doeane-kantoor ingedien word.

**Top wenk:** Bepaalde restitusie items kan registrasie vereis soos voorgeskryf in bylaag 5. Vir verdere besonderhede oor registrasie, verwys na die *Registration, Licensing and Designation External Policy*.